Gister se herinneringe
van God se
voorsiening
gee ons die
Hoop en Geloof vir
môre.



Maandelikse Bybel Bespreking
Die wonder van onthou

Het jy al ooit 'n liedjie oor die radio gehoor wat jou skielik jare terugneem? Of 'n ou foto raakgeloop wat herinneringe wakker maak waarvan jy lankal vergeet het? Soms is dit net 'n bekende reuk, 'n plek of iemand se stem, en skielik onthou jy weer...
Herinneringe is wonderlik. Hulle laat ons terugreis in tyd, bring mense en oomblikke weer nader en herinner ons aan dinge wat ons lewens gevorm het.
Navorsers soos Constantine Sedikides en Tim Wildschut het bevind dat positiewe herinneringe veel meer doen as om ons net gelukkig te laat voel. Dit versterk ons gevoel van verbondenheid, help ons om betekenis in ons lewens te vind en herinner ons aan wie ons is. Veral herinneringe aan mense en verhoudings speel hierin 'n belangrike rol.
Nog interessanter is die werk van die geheue-navorser Daniel Schacter. Hy wys daarop dat ons brein van dieselfde geheue-prosesse gebruik maak wanneer ons die verlede onthou én wanneer ons die toekoms voorstel. Dit beteken dat ons herinneringe ons nie net help verstaan waar ons vandaan kom nie, maar ook kan help om te besluit waarheen ons op pad is.

Natuurlik is nie alle herinneringe aangenaam nie. Party bring vreugde en dankbaarheid, ander verlange, hartseer of selfs spyt. Die geskiedenis leer ons dat moeilike herinneringe ook waarde het.
In Brittanje word ons elke November, met Remembrance Sunday, daaraan herinner. Die rooi papawerblom (poppy) is 'n eenvoudige, maar treffende simbool van herinnering aan mense wat hulle lewens in oorlog en konflik verloor het, en van erkenning aan dié wat steeds met die gevolge saamleef. Ons onthou nie om oorlog te verheerlik nie, maar om opofferings te erken, uit die verlede te leer en die waarde van vrede weer raak te sien.

En miskien geld dieselfde beginsel in ons persoonlike lewens. Wanneer ons terugdink aan die mense wat ons liefhet, die lesse wat ons geleer het en die oomblikke wat ons saam beleef het, besef ons dikwels eers hoe kosbaar gewone dinge eintlik was.
'n Koppie koffie saam met iemand. 'n Gesprek wat ons moed gegee het. 'n Familie-vakansie. 'n Erediens. Iemand wat daar was toe ons hulle nodig gehad het. Ons maak elke dag nuwe herinneringe, dikwels sonder dat ons dit besef.

Dalk is dit nou 'n goeie tyd om weer na ou foto's te kyk, 'n storie met ons kinders te deel, iemand te bedank wat 'n verskil gemaak het, of sommer net weer kontak te maak met ou kennisse.
Die waarde van herinnering lê nie net in wat ons onthou nie, maar ook in wat ons vandag met daardie herinneringe doen.
Ons kan nie die verlede verander nie, maar ons kan daaruit leer, die hede meer bewustelik waardeer en met nuwe wysheid vorentoe leef.
Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tema vir die Maand

Onthou die Here se trou

Daar is 'n interessante woord wat telkens in die Bybel voorkom: Onthou.
Die Here roep sy volk herhaaldelik op om te onthou waar hulle vandaan kom, wat hulle beleef het, en veral wat Hy vir hulle gedoen het. Want wanneer ons vergeet, verloor ons maklik perspektief op die lewe, op onsself en selfs op God.

In Deuteronomium 8 staan die Israeliete op die drumpel van die beloofde land. Ná veertig jaar in die woestyn wag daar 'n nuwe lewe vol moontlikhede. Maar Moses waarsku hulle teen 'n gevaar wat dikwels saam met voorspoed kom: dat hulle só gewoond kan raak aan alles wat hulle ontvang, dat hulle die Gewer vergeet. Daarom sê hy: “Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het.” (Deuteronomium 8:2, AFR83). Hulle moes die moeilike pad onthou, die tye van onsekerheid en swaarkry, maar ook hoe die Here hulle daardeur gedra en versorg het. Herinnering moes hulle leer om met nederigheid, dankbaarheid en gehoorsaamheid in die beloofde land te leef.

Dit is ook nodig, dat elkeen van ons, soms terug kyk om te onthou. Nie omdat alles altyd maklik was nie. Inteendeel, daar is waarskynlik min van ons wat nie (ook) moeilike herinneringe saamdra nie.

Die Psalmdigter van Psalm 77 ken hierdie worsteling goed. Hy vra waar God is, waarom dinge so moeilik geword het en of die Here hom vergeet het. Dan sê hy: “Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër.” (Psalm 77:12, AFR83) Sy omstandighede het nie noodwendig verander nie. Maar deur homself aan God se vroeëre dade te herinner, begin hy weer anders na sy omstandighede kyk.
Herinnering speel 'n belangrike rol in die oordra van geloof. In Josua 4 laat die Here die Israeliete twaalf klippe uit die Jordaan neem en as herinneringsteken oprig. Wanneer hulle kinders later vra wat die klippe beteken, moet hulle vertel hoe God hulle deur die Jordaan gelei het.

Dit laat 'n mens wonder: Watter geloofsherinneringe gee ons vandag aan die volgende geslag?
Wat sal ons kinders eendag onthou van ons huise, ons geloof en ons gemeente? Die mense wat hulle welkom laat voel het? Die gebede wat hulle gehoor het? Die kere wat hulle God se liefde deur iemand anders beleef het?
Jesus self gee aan herinnering 'n besondere betekenis wanneer Hy tydens die instelling van die nagmaal sê: “Gebruik dit tot my gedagtenis.” (Lukas 22:19, AFR83). Ons onthou Sy liefde, Sy lyding en Sy offer aan die kruis. Maar ons onthou nie net 'n gebeurtenis uit die verre verlede nie. Ons verkondig die verlossing wat Christus vir ons bewerk het, en leef vandag uit sy genade. Paulus herinner ons ook daaraan dat ons Sy dood verkondig totdat Hy kom (1 Korintiërs 11:26).

Soos ons nader aan die Kerstyd beweeg, word ons opnuut herinner aan die God wat sy beloftes nakom, wat in Christus na ons toe gekom het en steeds met Sy mense op pad is.
En daarom hoef ons herinneringe, ons nie net terug te neem nie. Dit kan ons ook help om met geloof vorentoe te kyk. Want wanneer ons onthou hoe getrou God was, kry ons nuwe moed om Hom ook met die onbekende van môre te vertrou.

Andre

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

IN HIERDIE UITGAWE

KERSSANGDIENS
STREK JOU UIT NA WAT VOOR IS
TIENER NAWEEK TERUGVOER
DIE BYBEL IN 'N PAK KAARTE
ONTHOU- SAAM CHRISTO BENADE
KONTAK ONS



ONS KERSSANGDIENS IS DIE HOOGTEPUNT VAN ONS
JAARLIKSE KERK KALENDER!
ONS GAAN DIE HERE LOOF EN PRYS MET LOFLIEDERE!!
DIT GAAN DIE JAAR EXTRA SPESIAAL WEES.

SPYSKAART

SKAAPBOUD, VARK
PAMPOENKOEKIES, GEBAKTE ARTAPPELS, RYS
GROENBONE EN YORKSHIRE PUDDINGS!

DAAR IS OOK 'N VEGETARIESE GEREG.
HEERLIKE POEDING

£15 per volwassene
£10 per kind 6-12jr
Kids 0-5jr - gratis
Indien jy 'n gasvrou wil wees kontak Ena - ena@sagemeente.com

Strek Jou Uit na Wat Voor is - Filippense 3

Liesl de Klerk -Damesdag 3 Oktober

Ons almal dra 'n bietjie van ons verlede saam met ons. Sommige herinneringe laat ons glimlag. Ander maak ons hartseer. Daar is dinge waarop ons trots is, en daar is dinge wat ons wens ons kon oordoen.

Maar Paulus sê in Filippense 3: "...een ding doen ek: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is."
Wat 'n bevrydende gedagte.
Paulus sê nie dat ons moet maak asof die verlede nooit gebeur het nie. Hy sê ook nie dat ons ons herinneringe moet uitvee nie. Hy sê eenvoudig: moenie daar bly woon nie. Die verlede kan vir ons 'n onderwyser wees, maar dit was nooit bedoel om ons permanente adres te wees nie. Soms hou ons vas aan dinge wat God lankal vir ons wou losmaak.
Ons hou vas aan foute wat ons gemaak het. Aan woorde wat iemand gesê het. Aan geleenthede wat verbyggaan het. Aan die lewe wat ons gedink het ons sou hê. En intussen staan daar 'n nuwe dag voor ons.
Miskien is jou lewe vandag nie presies waar jy gedink het dit sou wees nie. Miskien het jy op 'n plek beland wat jy nooit verwag het nie. Maar God is nie klaar met jou omdat jou planne verander het nie.
Paulus sê: "Ek strek my uit na wat voor is."
Daar is iets besonders aan daardie woorde.
Jy kan nie vorentoe beweeg terwyl jy heeltyd agtertoe kyk nie.
Daar kom 'n tyd wanneer ons moet sê: "Here, ek gee vir U wat ek nie kan verander nie. Ek laat gaan wat ek nie meer kan dra nie. En ek vertrou U – met dit wat nog voorlê."
Want God wag nie net in ons verlede nie. Hy is reeds in ons môre. Ons hoef nie vandag die hele pad te sien nie. Ons hoef net die volgende tree te neem.

En Miskien
En miskien is dit al wat God vandag van jou vra. Moenie jouself straf oor waar jy was nie. Moenie bang wees oor waarheen jy gaan nie. Strek jou uit. Daar is nog dinge om te beleef. Daar is nog mense om lief te hê. Daar is nog drome wat God in jou hart kan wakker maak. Daar is nog genade vir elke nuwe dag. Die beste deel van jou verhaal hoef nie agter jou te wees nie. Hou jou oë op Jesus. Een tree op 'n slag. En vertrou Hom met die res.

Gebed
Here, dankie dat U my nie vashou aan my verlede nie. Help my om te laat gaan wat ek nie kan verander nie en om my oë te rig op dit wat voor my lê. Gee my die moed om vandag weer 'n tree vorentoe te neem, met die wete dat U reeds daar is.
Dankie, Here, vir hierdie besondere geleentheid om vandag saam te wees. Dankie vir die vriendskappe wat ons hier gevind het, vir die mense wat ons lewens verryk en vir die ondersteuning en liefde wat ons aan mekaar kan gee.
Dankie vir die kos wat vandag aan ons voorgesit word, vir die hande wat dit voorberei het en vir die voorreg om dit saam met mekaar te kan geniet. Ons gee hierdie dag en alles wat voorlê aan U.
Amen.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek







LIFE IS A Journey







weekend

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek





Kindness is always cool





enjoy!





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek













Junay sê: Die tienerkamp was ongelooflik lekker, en ek het so baie nuwe dinge geleer. Die naweek was propvol opwindende aktiwiteite, soos “high-ropes”, rotsklim en liedjies sing om die kampvuur. Almal het dit baie geniet, en ek het sommer baie nuwe vriende gemaak!

Dit was ’n baie spesiale naweek waar ons lekker saam kon kuier, nuwe dinge probeer en ook meer oor God en ons geloof leer. Ek het nader aan God gevoel en dit was lekker om my geloof saam met ander te kon deel.

Ek kan nie wag om volgende jaar weer te gaan nie! Ek sal beslis ander tieners aanmoedig om dit by te woon, want dit is ’n wonderlike ervaring vol pret, nuwe vriendskappe en mooi herinneringe.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek



A BIG Journey BEGIN WITH Small Steps







live laugh love





jesus loves you

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek





Mischa en Danielle sê: Ons kerkkamp was ’n baie lekker naweek vol pret, nuwe ervarings en onvergeetlike herinneringe! Een van die hoogtepunte was beslis om te leer sokkie, wat vir baie lag en lekker oomblikke gesorg het. Ons is ook bederf met heerlike Suid-Afrikaanse kos, soos boereworsrolle, biltong en peppermint crisp tert.



Tydens die kamp het ons baie geleer uit die Bybelverhale van Moses, Josua en Josef. Dit was baie lekker om meer oor hulle lewens en geloof te leer en te sien hoe God deur hulle gewerk het. Dit was ook baie spesiaal om vir ons jonger leiers vrae te kon vra en uit hulle ervarings te leer. Hulle het almal welkom laat voel en ons aangemoedig om nader aan die Here te groei.



Daar was ook baie lekker aktiwiteite, soos ziplining en bouldering. Die aande om die kampvuur was baie spesiaal, met lekker geselsies, baie gelag en ’n wonderlike atmosfeer.

Die naweek was ’n lekker geleenteid om nuwe vriende te maak, saam te kuier en in geloof in die Here te groei. Baie dankie aan almal wat gehelp het om die kamp moontlik te maak. Ons Sien baie uit na die volgende kamp!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Die Bybel in 'n Pak Kaarte

'n Jong soldaat was een Sondagoggend alleen in sy tent. Dit was stil daardie oggend ... daar was geen mortiere en veraf geweerskote hoorbaar nie. Die soldaat het net geweet dis 'n Sondag. 'n Mens voel dit mos aan, daar is altyd iets anders, iets Heiligs, aan die Sondag.Toe haal hy 'n verweerde pak kaarte uit en sprei dit oop op sy bed.
Net toe kom 'n sersant in, sien die kaarte en vra: "Is jy nie saam met die ander manne uit vandag nie?"
"Nee Sersant" , antwoord die soldaat, "ek het gedink om vandag liewer hier te bly en tyd saam met die Here deur te bring." Geamuseerd merk die sersant op: "Dit lyk vir my meer asof jy besig is om kaart te speel!"
"Nee, sersant sien, ons word mos nie toegelaat om ons Bybels in hierdie land in te bring nie, en nou leer ek meer van die Here met hierdie pak kaarte." "Hoe is dit moontlik?", vra die sersant.
"Kyk, die A herinner my daaraan dat daar net Een God is.
Die Twee wys op die twee dele van die Bybel, die Ou en die Nuwe testament.
Die Drie herinner my aan die Drie Eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees.
Die Vier staan vir die vier evangelies: Mattheus, Markus, Lukas en Johannes.
Die Vyf herinner my aan die vyf maagde – daar was eintlik tien, maar net vyf was gereed en het die Hemel ontvang.
Die Ses dui op die ses dae waarbinne God die Hemel en die Aarde gemaak het.
Die Sewe is vir die Sewende dag, wat God eenkant gesit het om te rus.
Die Agt herinner my aan Noag, sy vrou, hulle drie seuns en hulle vroue. Dit is die enigste agt mense wat God gespaar het in die sonvloed.
Die nege herinner my aan die nege melaatses wat Jesus genees het. Hy het eintlik tien genees, maar nege het nooit dankie gesê nie.
Die Tien staan vir die Tien gebooie wat God aan Moses gegee het, neergeskryf op twee klip plate.
Die Jack herinner my aan Satan. Hy was ook eens 'n Engel van die Here, maar as gevolg van sy sluwe leuens en haat, is hy uit die Hemel geskop en nou is hy die groot Joker van die fagevuur.
Die Koningin staan vir die Bruid van God, dit is Sy kerk op aarde, sy gemeente van gelowiges wat wag dat Hy weer terugkom om haar te kom haal.
Die Koning staan vir Jesus, die Koning van alle konings en die Koning van alle tye.
As ek die aantal simbole op die kaarte tel, is daar presies 365 - een vir elke dag van die jaar.
Dit herinner my daaraan dat God my elke dag beskerm en by my is.
Daar is 52 kaarte in 'n pak – een vir elke week van die jaar. Dit herinner my aan hoeveel tyd ek het om vir Hom iets te doen.
Daar is vier stelle in 'n pak: dit verteenwoordig die vier seisoene: somer, herfs, winter en lente.
Dit herinner my aan hoe God in beheer van alles is. So, as ek behoefte het om met die Here te praat, of om Sy stem te hoor, haal ek net my ou pak kaarte uit, en dan sien ek hoe baie ek het om voor dankbaar te wees"
Die sersant was vir 'n hele ruk doodstil. Toe vra hy met trane in sy oë: "Soldaat - ek is stukkend soos 'n lekkende kleipot. Leen asseblief vir my ook jou pak kaarte....."

Onthou saam – Christo Benade

Ons as gesin het wonderlike herinneringe aan ons tyd by die SA Gemeente. Ons wifi-netwerk by ons huis in die Strand heet byvoorbeeld steeds Theydon Bois! Ons gesin, en veral ons kinders, se identiteit is deels gevorm deur ons kontak met die lidmate van Loughton en Birmingham.

Ek was al leraar in drie gemeentes, en wat my by die SA Gemeente opgeval het, is die lidmate se hoë vlak van toewyding. Gesinne wat Sondagoggend ure ry om saam met ander gelowiges te aanbid, wil regtig daar wees.

Lidmate van die SA Gemeente is nie daar weens sosiale of familiedruk nie. Dit skep ‘n bepaalde atmosfeer en spiritualiteit in die gemeente, een wat gefokus is op dit waaroor ons saamstem, veral ons belydenis dat Jesus Christus die Here is. Omdat ons fokus op dit waaroor ons saamstem, kan NG-lidmate, Doppers, Hervormdes en selfs lidmate van onafhanklike gemeentes in vrede saam aanbid.

Hierin is die SA Gemeente ‘n voorbeeld vir die kerk in Suid-Afrika. Die SA Gemeente speel ook ‘n baie belangrike rol deur ‘n ruimte te skep waarin lidmate mekaar geestelik en emosioneel kan ondersteun.

In Brittanje mis ons die natuurlike ondersteuning wat lidmate in Suid-Afrika het. Daarom word kerklidmate ons kinders se ooms en tannies, oupas en oumas. Die kennisoordrag wat gewoonlik langs familielyne plaasvind, gebeur hier in selgroepe en vriendekringe.

Ons gebed is dat die SA Gemeente nog lank haar lig sal laat skyn. Daar is steeds ‘n plek vir ‘n kerk vir Suid-Afrikaners wat nie ‘n geestelike tuiste in Engelstalige gemeentes vind nie.

Julle bly in ons gedagtes en gebede.

Ons mis julle baie.
Christo, Annelie, Carli en Une

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

KALENDER

1 NOVEMBER HUISKERK 9 UUR

8 NOVEMBER EREDIENS 9 UUR

15 NOVEMBER HUISKERK 9 UUR

22 NOVEMBER EREDIENS 9 UUR



Be the Church when the music fades and the lights go out.

When there's no stage, no mic, no spotlight.

Only real people with real needs.

Be the Church in quiet conversations,

in patient listening,

in choosing compassion over convenience.

In the unseen moments where kindness costs you something,

but love compels you anyway.

Be the Church in how you forgive,

how you serve,

how you show up when it's easier to walk away.

Not just in what you say on Sunday,

but in how you live on Monday.

Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

Dankoffers.
Hoe kan jy 'n bydra maak?

Jy kan 'n *Standing order* op jou bankrekening opstel. Gebruik onderstaande bankbesonderhede.

Om 'n direkte inbetaling te maak- gebruik die bank besonderhede:

SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265
Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en ons wyk (Theydon Bois).

Give a Little: Skandeer die QR kode of kliek op die skakel en volg die instruksies.
https://givealittle.co/c/L79juvHMn7sZswLQ5eyOc

Erediens Tye
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

Adres:
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

Onthou om 'Ja' te merk by gift aid

Baie dankie vir jou bydra. Jou ondersteuning maak dit moontlik om ons roeping uit te leef en 'n verskil in ons gemeenskap te maak.

Kontak Ena



Kontak ons:

Webblad: noordwyk.sagemeente.com

Facebook Blad: SA Gemeente Loughton

Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com